

21 Oktober

**Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 4:13-18 (OAV)**  
**Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 4:13**

**Troos mekaar met die versekering van volle vreugde vir alle gelowiges, wanneer die Here kom**

Van die gelowiges in Tessalonika was bang dat ontslapenes met die wederkoms 'n agterstand sou hê by dié wat dan nog lewe. In die leefwêreld van die heidendom, waaruit hulleself onlangs eers bekeer is, was daar geen hoop vir die liggaam van 'n ontslapene nie. Dit het die gelowiges laat wonder of hulle geliefdes dalk nie die vreugde en die heerlijkheid van die wederkoms sou smaak nie, en so is hulle ontnem van troos by die dood.

Paulus besweer hierdie vrese, deur gelowiges in dié verse op die HERE te wys. In die eerste plek moes hulle verstaan dat, terwyl sy dood nog sterwe was (vs 14), die gelowiges wat in Hom sterf, dit wil sê deur geloof deel is van Hom met hulle dood, nie soos Hy *sterwe* nie, maar *ontslaap* (vs 13). Deur Christus se *sterwe*, wat nog betaling vir die sonde was, verander die aard van gelowiges se dood. Dit word 'n *ontslapene* waaruit gelowiges se gees by die HERE ontwaak en ook hulle liggaam op die laaste dag sal opstaan.

Die Here Self verseker daarom dat gelowiges gesamentlik die heerlijkheid van die wederkoms sal beleef. Die wederkoms gebeur onderstreep dit:

- Die ontslapenes sal met sy terugkeer eerste opstaan. Sy koms gaan immers gepaard met die opdrag daarvoor. As Oorwinnaar sal die Here hierdie bevel gee, wanneer Hy sigbaar uit die hemel neerdaal.
- Dan weerklink ook die basuin van die aartsengel, om die ontmoeting van God met sy volk aan te kondig.
- En as voltooiing van die gebeurte sal alle gelowiges, dié wat met 'n verheerlikte liggaam opgestaan het en hulle wat dan in 'n oogwink verheerlik sal word, saam weggevoer word om altyd by die Here te wees.

*Sing: Skrifberyming 33:1, 2, 3*

*Ds. BC (Ben) Smit (Pretoria-Meintjeskop)*